‘N BUITENGEWONE VERGADERING VAN DIE SINODE VAN DIE NG KERK VRYSTAAT OP DINSDAG 29 JULIE 2014 OM 08:30 KIEPERSOLRANT - BLOEMFONTEIN

NOTULE

1. OPENING EN VERWELKOMING

Kragtens die Kerkorde NG Kerk Vrystaat 2013 (Reglement van Orde) **bladsy 190 punt 1.6:**

“Op 'n buitengewone vergadering van die Sinode of die Ring neem die voorsitter van die Moderamen of Ringskommissie die leiding vir die konstituering van die vergadering, waarna die vergadering sy eie voorsitter kies vir die afhandeling van die geslote agenda.”

Ds HM Janse van Rensburg is die waarnemende voorsitter van die Moderamen en neem daarom genoemde verantwoordelikheid om die vergadering te konstitueer.

2. KONSTITUERING

Die waarnemende voorsitter open die vergadering deur te lees uit Jakobus 1:1 tot 5. Daarna gaan hy voor in gebed en die Sinode sing daarna Lied 266.

Die voorsitter verwelkom almal en spesifiek dié wat vir die eerste keer ‘n sinode bywoon. Hy verwelkom ook die volgende persone in besonder: Dr Kobus Gerber (Sektretaris: Algemene Sinode), mnr Neels Jackson (Redakteur van *Kerkbode*), asook besoekers. Prof Nelus Niemandt (Voorsitter van die Moderamen van die Algemene Sinode), vra verskoning weens die siekte van sy skoonvader.

Besluit: Goedgekeur

Die waarnemende voorsitter verklaar die sitting van die Buitengewone Sinode as behoorlik gekonstitueer.

NAAMLYS VAN GEREGISTREERDE AFGEVAARDIGDES

RING VAN BETHLEHEM

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID
Bethlehem-Efrata	DE Bubb	GJ Roetz
	T Lamprecht	A Cilliers
Bethlehem-Eureka	S Heyns	M Stander (sr)
	RCH Kemp	EJ Knobel (sr)
Bethlehem-Môrelig	JG van der Watt	JS du Plessis (sr)
Bethlehem-Noord	SF Coetzee	CM van der Merwe (sek)
Bethlehem-Oos	AJ Koenig	CJ Klopper
	JH Hattingh	SW Wentzel (sr)
Bethlehem-Panorama	PJ Fourie	JJ Human

Bethlehem-Wes	AP van Zyl	PHJ Olivier
	JDK van Jaarsveld	JW O'Neil
Clarens	Geen afvaardiging	
Kestell	D du Toit	CJ Blignaut
Witteberg	Oudl H Maasdorp (sek)	A Barry

RING VAN BLOEMFONTEIN

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID
Aandbloem	WJ Botha	PJ Strauss (sek)
Andrew Murray	J Janse van Rensburg	B Brink
Bloemfontein	DV le Roux	SJ Wepener (sr)
Bloemfontein-Wes	V du Plessis	JA Jansen van Vuuren
Gardeniapark	JH Venter	SJ le Roux
Wilgehof	WB Müller	BF Nel

RING VAN BLOEMFONTEIN-NOORD

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID
Berg en Dal	JJ Lubbe	PJ le Roux
	GP Terblanche	SJ Pretorius
	G van der Watt	MA Spies (sr)
Bloemfontein-Noord	SJ van Heerden	AT Davel
De Bloem	JFT du Plessis	R Swiegelaar
Hugenoot	NJ Mostert	WDK Potgieter
	A du Toit (sr)	WF Ellis
Noordhoek	ZP le Roux	A van der Westhuizen (sr)

RING VAN BLOEMHEUWEL

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID
Bloemheuwel	JL Reynders	JA Brazelle
	Oudl PJB Coetzer	C Steinhöbel
Heuwelkruin	C Mitchell	HP Smit
	MHO Heyneman	IC van Aswegen (sr)
Heuwelsig	S Spamer	HE van der Westhuizen (sr)
	GP Botha	FS Welthagen
	N van der Walt	DA Liebenberg
Woodland Hills	A Meiring	J Herbst (sek)

RING VAN BOSHOF

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID
Boshof	Geen afvaardiging	
Bultfontein	AW Smit	AC Greyling
Bultfontein-Oos	CA Kotze	HP Maritz (sr)
Dealesville	CM Erasmus	WF Haarhoff
Hertzogville	CJ Odendaal	HM Linde
Hoopstad	JJ Louw	AF Ferreira
	WF du Plooy	JJ Roos

Soutpan	ER Smith	-
Wesselsbron	CM Rautenbach	J Petzer (sek)
Wesselsbron-Noord	AJ Thiersen	PJC van Zyl

RING VAN ESTOIRE

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID
Bloemvallei	JH Taute	PD Marais
Estoire	BSR du Toit	JA Vos
Leeuwberg	E Botha	-
Onze Rust	MD Terblanche	AB Victor
	CP Hellmuth	AC Groenewald (sek)
Ooshoek	S Maritz	MP Fick
Uitsig	H Kotzé	EM Olivier (sr)

RING VAN FAURESMITH

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID
Fauresmith	C Potgieter	C du Plessis
Jacobsdal	PE Stander (sr)	M Jacobs
Jagersfontein	Diak AJ Pietersen (sr) (sek)	WA du Plessis
Koffiefontein	HAA Bertram	WJ van Dyk (sr)
Luckhoff	OJ Fourie	JJ du Toit
	-	AF Strauss
Petrusburg	A Fourie	WM Griessel (sr)
Philippolis	CHJ van Schalkwyk (sr)	SO Vermeulen
Springfontein	Oudl D Viljoen (sr)	CM Oosthuizen
Trompsburg	PC Pretorius	AJ van Schalkwyk

RING VAN FICKSBURG

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID
Clocolan	AW Rothmann	JH Loubser
Ficksburg	W Redelinghuys	J Kotze (sr)
Fouriesburg	DS Meyer	E Meyer (sr)
	CC van Zyl	RH Venter
Hobhouse	AMS Heymans (sr)	FW Anderson
Ladybrand	DJB Kleynhans	CE Fourie
Ladybrand-Noord	G Lamprecht	MCC Fourie
Marquard	JC Marais	PJ Vorster
Thaba-Nchu-Tweespruit	G Read	JM Jacobs (sr)

RING VAN HARRISMITH

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID
Cornelia	JT Kemp	JAD Cilliers
Frankfort	JT Jackson	HL Potgieter
	JSP Uys	JJ Bezuidenhout
Harrismith	GD Victor	SA Smuts
	PM Cockeran	M de Klerk (sr)
Kerkenberg	J Ries	AJ Badenhorst

Memel	GJ Hugo	DC Pieters
Tweeling	H la Grange	G van der Watt
Villiers	HM Janse van Rensburg	JJ Ferreira
Vrede	R Gerber	JA Dreyer
Vrede-Wes	DH Botes	PJ Jordaan
Warden	PCJ Nel	LPJ Becker

RING VAN HEILBRON

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID
Heilbron	AS van Zyl	EA Hendriks (sr)
Heilbron-Suid	J Hamman	S Orton
Koppies	HJ Griesel	P de Jongh
Koppies-Weltevrede	EB Maritz	IS van Wyk
Oranjeville	Geen afvaardiging	
Petrus Steyn	GPM de Wet	BJ Cronjé
Reitz	MC Barnard	CM Maree
Reitz-Wes	JJ Geyser	GJ van Wyk
Taaibosspruit	JJ Pienaar	J Viljoen

RING VAN HENNENMAN

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID
Harmonie OVS	E Cornelissen	KH Warren
Hennenman	R Strydom	IA de Villiers
	JS Haggard	HP Human
Virginia	J Vermeulen	FJ van Heerden
Virginia-Wes	HJ Conradie	JF Taylor

RING VAN HOSPITAALPARK

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID
Fauna	HJ Swart	MJ Schmidt
Fichardtkruin	A van Staden	DJ Bredenkamp
Fichardtpark	A Barlow	D Strauss-Bothma
Hospitaalpark	-	ME Dennis (sr)
Pellissier	E Barnard	F Lamprecht
	CM James	DF Langenhoven

RING VAN KROONSTAD

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID
Kroonheuwel	Oudl HJ van Stryp (sek)	JJ Grobbelaar
Kroonheuwel-Noord	C Weideman	PP Maree
Kroonstad	AJ Kotze	JPR Minnaar
Kroonstd-Môrewag	PJG Prinsloo	WRJ Britz
Kroonstad-Noord	JP Robb	TJ de Jager
Kroonstad- Oos	W Venter	NJS Viljoen
Kroonstad-Suid	JS Els	RM Brits
Kroonstad-Wes	JS Bouwer	CL Steyn

RING VAN LINDLEY

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID
Arlington	PJ Taljaard	JJ van Tonder
Edenville	FJ van Biljon	H Cronjé (sek)
Lindley	Oudl JJW van den Berg	GP Lamprecht
Paul Roux	HGVZ Smit	JD Erasmus
Rosendal	DK Swart	MOH Detering
Senekal	T Oosthuyzen	PJ Fourie
Senekal-Noord	PR van Heerden	PG Heyns
Steynsrus	Oudl MMJ Uys (sr)	JS Groenewald

RING VAN ODENDAALSRUS

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID
Allanridge	-	HS Grobbelaar
Odendaalsrus	Oudl AF van den Berg	GJ Jansen van Vuuren
Odendaalsrus-Oos	J Orsmond	GH Bouwer
Riebeeckstad	BF Joubert	JB Mans
	C Nel	FJ Smit
Riebeeckstad-Erfdeel	PJ Louw	SW van Niekerk

RING VAN SASOLBURG

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID
Deneysville	CHT Schiel	JB Havenga
Sasolburg-Fakkel	WJ Burger	LJ Botha
Sasolburg-Fontein	JJ van Deventer	-
Sasolburg-Sentraal	JH Botha	PHG Kruger
Sasolburg-Tuinedal	JJ de Villiers	C van der Westhuizen
Sasolburg-Vier-Ankers	HJ Kleynhans	ZA van Staden
Vaalpark	GJ Serfontein	JP Matthews
Viljoensdrif	Oudl JA de Man	IJ Burger

RING VAN SMITHFIELD

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID
Bethulie	Oudl P Joubert (sr) (sek)	DPJ Combrink
Dewetsdorp	HE van Coller	FP Strauss
Edenburg	WP du Plessis	JM van Wyk
Reddersburg	WA van Zyl	DJ Maartens
Rouxville	JP Möller	DF du Plessis
Smithfield	W Klindt	JA Neethling
Vanstadensrus	FJW Gottschalk	SP Fourie
Wepener	Oudl JC Smit	SWW Jacobs
Zastron	Oudl HF de Jager	JJR du Plessis

RING VAN VREDEFORT

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID

Bothaville	PJ van Jaarsveld	LA Niksch
	Oudl GAP Steenkamp (sek)	PM Brink
Bothaville-Noord	JH Els	G Geldenhuis
Meyerhof	LLB Naudé	GP Cilliers
Parys	Oudl HLJ Verwey	-
Parys-Oos	I Jonker	SJ de Jager (sek)
Parys-Suid	JAC Badenhorst	-
Parys-Wes	BL van Wyk	MD du Preez
Schonkenville	Oudl GT Thokgoane	E Smith
Vierfontein	WE Potgieter	GL Ferreira
Viljoenskroon	AP Cronjé	-
Vredefort	WJ Lötter	D de Villiers

RING VAN WATERBRON

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID
Bainsvlei	DF Fourie	M van Graan (sr)
Langenhovenpark	L Oosthuizen	JM Pienaar
	HG Pistorius	SMC Reinecke (sr)
	AJJ Stander	-
Studentekerk	JC Louw	L Dippenaar (sr)
	DA du Toit	GE van Schalkwyk (sr)
	SR Darker	E Janse van Rensburg (sr)
Universitas	AJ Oosthuizen	HS Wolfaardt
Universitasrif	WA Badenhorst	G Marx
Universitas-Wes	CL van der Merwe	RC Lindeque
Waterbron	NJ Labuschagne	CP Bartlett

RING VAN WELKOM

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID
Bedelia	PJ McLaren	WC Tubb
Dagbreek	Geen afvaardiging	
St Helena	FAJ van Heerden	DN Booysen
Welkom	L van Zyl	-
Welkom-Noord	S van Schalkwyk	SF Botes
Welkom-Suid	LM Foot	PI Geyer
	NS Dicks	CM de Jonge (sr)
Welkom-Wes	JPM Maree	PN van der Merwe

RING VAN WINBURG

GEMEENTE	LERAAR	KERKRAADSLID
Brandfort	CEG Schutte	PA Pienaar
Brandfort-Oos	PG Smit	DR Burger
Excelsior	BIC Steyn	J DeB Bornman
Rietfontein	A Celliers	JR van Niekerk
Theunissen	P-S Conradie	ES Volschenk
Theunissen-Wes	PH Gerber	DD de Klerk
Ventersburg	CJ Botha	HA Fourie (sr)

Verkeerdevlei	-	AJ Bornman
Winburg	G Deysel	PJ Pienaar

Die getal afgevaardigdes soos aangedui per geloofsbriewe: 364
Die getal afgevaardigdes wat geregistreer het (wat maw opgedaag het): 346
Die totaal afgevaardigdes ter vergadering: 346
Die kworum (die helfte + 1 van die geregistreerde afgevaardigdes volgens geloofsbrief ter vergadering): 174
Die volstrekte meerderheid is die helfte van die teenwoordiges tydens die stemming in die vergadering plus 1: 174
Die tweederdemeerderheid (vir kerkregtelike sake) is twee-derdes van die teenwoordiges in die vergadering: 231

3. KENNISGEWING VAN BUITENGEWONE SINODESITTING

Besluit: Kennis geneem

4. VERKIESING VAN VOORSITTER

Ds HM Janse van Rensburg word by wyse van geslote stembriewe as voorsitter verkies.

Besluit: Goedgekeur

Die Sinode bekragtig die aanwysing van dr DH Botes as leier van die stemopnemers en dat die personeel behulpsaam is met die opneem en tel van stembriefies.

5. ALGEMENE SAKE

5.1 BEPALING VAN SITTINGSTYE

Besluit: Goedgekeur

Die Sinode keur die sittingstye goed.

5.2 KOSTE SINODE

Besluit: Goedgekeur

Die Sinode keur die bedrag van R150 per afgevaardigde per gemeente goed.

Die voorsitter meld met dankbaarheid dat al die gemeentes se gelde betaal is.

5.3 REISKOSTE

Besluit: Goedgekeur

1. **Die Sinode besluit dat reiskoste vir afgevaardigdes buite Bloemfontein teen R1.50 per km vir die retoerrit betaal sal word.**
2. **Reiskoste word slegs uitbetaal vir een voertuig per gemeente.**

5.4 BENOEMING VAN 'N NOTULEKOMMISSIE

Besluit: Goedgekeur

Die Sinode keur goed dat die Skriba bogenoemde persone benoem het om in die Notulekommissie te dien.

5.5 SPREEKBEURTE VANAF MIKROFONE

Besluit: Goedgekeur.

1. **Die Sinode neem kennis dat spreekbeurte vir voorstellers van 'n bepaalde punt tot vyf minute beperk word.**
2. **Die Sinode neem kennis dat sprekers wat aan 'n debat deelneem se spreekbeurt tot drie minute beperk word.**

5.6 VOORSTELLE EN AMENDEMENTE

Besluit: Goedgekeur

1. **Die Sinode besluit dat slegs voorstelle en amendemente wat op die amptelike vorms uitgeskryf is, ontvanklik is.**
2. **Die Sinode versoek elke indiener van 'n voorstel of amendement om betyds (voordat die punt aan die orde gestel word), die voorstel of amendement by die Notulekommissie in te dien.**
3. **Die Sinode gee opdrag aan die Notulekommissie om elke voorstel of amendement te nommer met die oog daarop dat dit in die rekenaar ingesleutel kan word en wanneer dit aan die orde gestel word, deur middel van die digitale projektor op die skerm geprojekteer kan word. 'n Kopie daarvan moet aan die voorsteller oorhandig word vir gebruik wanneer sy/haar voorstel of amendement dien.**
4. **Die Sinode besluit dat die Notulekommissie die voorstel of amendement voordat dit behandel word, aan die Voorsitter moet oorhandig vir die behandeling daarvan, waarna hy dit weer op sy beurt aan die Skriba oorhandig om in die notule opgeneem te word.**

5.7 ONDERTEKENING VAN DIE NOTULE

Besluit: Goedgekeur

Die Sinode besluit dat die verkose Voorsitter en die Skriba die notule na verdaging, namens die vergadering en met goedkeuring van die Moderamen, moet onderteken.

5.8 PASTORALE GESPREK

Die Voorsitter begelei die Sinode in die pastorale gesprek en laat tyd toe vir tafelgesprekvoering tussen lede van die vergadering.

PASTORALE GESPREK
BEMOEDIG OM TE BEMOEDIG
(2 Kor 1:1 – 11)

In dié gedeelte hoor ons herhaaldelik die Griekse woorde *paraklesis* (bemoediging) en *parakalein* (om te bemoedig) in verskillende verbuigingsvorme. Baie letterlik vertaal beteken dit om by iemand te wees, langs iemand te staan, langs iemand te loop en die persoon te roep, te vertroos, te help. Wanneer die Here Jesus in Johannes 14 beloof dat die Vader in sy Naam die Heilige Gees sal stuur, praat Hy ook van die Heilige Gees as die *Parakleet* - dié Een wat by (en in!) ons sou kom staan om ons te roep, te vertroos, te help, vir ons 'n Voorspraak (NAV) te wees. Die Here bemoedig, vertroos, help ons sodat ons op ons beurt ander kan bemoedig, vertroos, help.

1. Lees weer 2 Kor 1:3–7 as groep en daarna elkeen in stilte en let op die gebruik van die woorde "bemoedig" en "bemoediging".
2. Lees weer 2 Kor 1:8–11 en bespreek die volgende: Waardeur is Paulus-hulle bemoedig? Deur wie (Wie) en wat word ons bemoedig?
3. Deel met mekaar hoe julle (persoonlik, as gesin, as gemeente) al bemoedig is en hoe julle ander kan bemoedig binne ons huidige konteks.
4. Word biddend stil voor die Here...

6. SAKE VIR DIE AGENDA

6.1 EENHEID VIR BARMHARTIGHEIDSDIENSTE (ENGO)

Besluit: Goedgekeur

1. **Die Sinode stem in dat die verhouding tussen ENGO hoofkantoor en die grondvlakdienspunte op die gebruiksregstelsel geskoei word.**
2. **Die Sinode stem toe dat 'n gebeurlikheidsplan ontwerp word vir implementering as die staatsubsidie vir die Barmhartigheidsbediening in reële terme sodanig ingekort word, dat afskaling van die dienste onvermydelik is.**

6.2 RAAD VAN DIE EENHEID VIR ONDERSTEUNING (REO)

1. Inleiding

1.2 Besluit: Goedgekeur

Die Raad van die Eenheid vir Ondersteuning versoek die Sinode van die NG Kerk Vrystaat om die besluit *"Verskuiwing van die Sinodale Argief- en Inligtingskantoor van die Vrystaat na die Sentrale Argief te Stellenbosch"*, in revisie te neem.

2. Optrede Augustus 2013

3. Koste van die Sinodale Argief

4. Argiefstatistiek

5. Waarom is die saak op die agenda?

6. Wat is die moontlikhede?

6.1 Bou 'n eie argief (Verwys 7.1)

6.2 Rig 'n eie argief in (Verwys 7.2)

6.3 Bly by *InfoFile* (Verwys 7.3)

6.4 Verskuif die Argief na die Universiteit van die Vrystaat (Verwys 7.4)

6.5 Verskuif die Argief na die Sentrale Argief in Stellenbosch (Verwys 7.4)

7. Wat is die finansiële implikasies vir die NG Kerk Vrystaat?

7.1 Bou 'n eie Argief

7.2 Rig 'n Argief in

7.3 InfoFile

7.4 Kostevergelyking tussen 6.4 en 6.5

AFKONDIGINGS
Imagine kry die geleentheid om hul werksaamhede bekend te stel.

Die vergadering verdaag vir tee.

8. Besluit:

Amendement: Kennis geneem

Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat,

1. neem kennis van die verslag van die REO rakende die verskuiwing van die Argief van die NG Kerk Vrystaat na die Sentrale Kerkargief in Stellenbosch;
2. aanvaar nie die aanbeveling in die verslag, naamlik om die Argief van die NG Kerk Vrystaat na die Sentrale Kerkargief in Stellenbosch te verskuif nie;
3. besluit om in die lig van die volgende beweegredes, die Argief van die NG Kerk Vrystaat met 'n bruikleenooreenkoms aan die Universiteit van die Vrystaat vir bewaring en bestuur, beskikbaar te stel –

a) die argiefstukke in die Argief van die NG Kerk Vrystaat die skriftelike bronne is waarin die verhaal van die NG Kerke (gemeentes) in hierdie streek, sowel as dié van kerkvergaderinge (Ringe en Sinodes), oor die afgelope eeu-en-'n-half opgesluit lê en kan nie van hierdie gemeentes vervreem word, òf sonder hul instemming verplaas word nie;

b) hierdie argiefstukke is van primêre historiese-, teologiese- en akademiese belang vir die ontsluiting van die geskiedenis van die NG Kerk Vrystaat, sowel in 'n kerkhistoriese- as biografiese- en sosio-maatskaplike sin en behoort daarom so goed moontlik ontsluit te word deur dit aan soveel moontlik kundige navorsers beskikbaar te stel;

c) die Argief van die NG Kerk Vrystaat, kom hiermee enersyds tereg in dieselfde argiefbewaarplek (AREA) waar alreeds die persoonlike argiewe van 'n geliefde Vrystaatse leraar (dr JD Kestell) én 'n prominente leiersfiguur in die NG Kerk in Suid-Afrika (dr JD Vorster), gehuisves word, sowel as ander prominente nasionaal-historiese instellings en andersyds, in 'n omgewing waar hierdie argief in verband met ander plaaslike kerklike- en sendinghistoriese argiewe gestel sal kan word, ook op 'n (internasionale) digitale basis;

d) die behoud en groeiende ontsluiting van die Argief van die NG Kerk Vrystaat óp die kampus van die Universiteit, sal sonder twyfel teologiese opleiding en -navorsing vir en uit verskillende kerke hier plaaslik ten bate wees;

e) die Universiteit van die Vrystaat het deur die Rektor persoonlik, sowel as in onderhandelinge waarby die vise-rektor, die argivaris van AREA en ander senior personeellede van die Universiteit betrokke was, duidelik hul wens uitgespreek, sowel as prosesse in plek gestel om die Argief van die NG Kerk Vrystaat hier te ontvang;

f) waaronder die opstel en goedkeuring van 'n volledige bruikleenooreenkoms waarin onder andere bepaal word dat –

"Die Bruikvoorsiener (die NG Kerk) voorsien hiermee herroeplik die ongebonde eiendom van die NG Kerk Vrystaat se skriftelike argiefmateriaalstukke. Die stukke word op bruikleenbasis beskikbaar gestel, aangesien dit ondermeer die eiendom van die plaaslike gemeentes van die NG Kerk Vrystaat is."

4. gee opdrag aan die Moderamen om die finalisering van onderhandelinge met die Universiteit te bestuur en om in oorleg met die REO toe te sien dat die Argief van die NG Kerk Vrystaat so spoedig moontlik na die Universiteit van die Vrystaat verskuif.

Voorsteller: Ds JJ Lubbe – Berg en Dal

Sekondant: Dr NS Dicks – Welkom-Suid

Ordemosie: Goedgekeur

Die Sinode besluit

1. dat die belangrike saak van die Vrystaatse Argief, terug verwys word na die REO met 'n detail verslag by die Vrystaat Sinodesitting, Maart 2015.
2. dat die volgende sake in die volgende verslag aangespreek word:
   - die koop van die Bybelhuis en die inrig van die Argief dáár;
   - die Vrystaat UV opsie, en
   - die Stellenbosch opsie.

Voorsteller: Dr DH Botes – Vrede-Wes

Sekondant: Dr HJ Kleynhans – Sasolburg Vier-Ankers

Twee afgevaardigdes het twyfel uitgespreek oor die ontvanklikheid van die ordemosie van dr DH Botes as ordevoorstel. Die aangeleentheid is na die STK verwys vir advies aan die vergadering. Die advies sal na etenstyd ter tafel geneem word.

TYDELIKE VERSLAG: SINODALE TAAKSPAN KERKORDE (STK)

1) Dr DH Botes se voorstel is 'n wettige ordemosie, vergelyk Reglement Orde (AS) 5.1.3

   Volgens die Reglement van Orde (AS) 5.2 is dit die Voorsitter se prerogatief, om nadat daar vir die ordemosie van dr DH Botes gestem is, die hele aangeleentheid op versoek van ds A Meiring te verwys na die Raad van die Eenheid vir Ondersteuning (REO), ds JJ Lubbe, dr DH Botes en hulle sekondante om met mekaar tydens etenstyd te vergader en saam na 'n antwoord te soek.

2) Hulle word versoek om 'n bevredigende oplossing te vind en indien dit nie gebeur nie, sal dr DH Botes se ordemosie wel dien.

Besluit: Goedgekeur

Alhoewel die ordevoorstel van dr DH Botes oorspronklik goedgekeur is, besluit die vergadering eenparig dat slegs daarvan kennis geneem word ten gunste van die uiteindelike besluit. Die ordevoorstel van ds A Meiring is nie tot stemming gebring nie, aangesien dit ook ondervang word in die uiteindelike besluit.

Besluit: Kennis geneem

Die Sinode besluit om die Sinodale Argief van die NG Kerk Vrystaat na die Sentrale Argief van die NG Kerk in Stellenbosch te verskuif.

Voorstel: Goedgekeur

Die Sinode gee volmag aan die gesamentlike vergadering van die Raad van die Eenheid vir Ondersteuning (REO), die Moderamen, met die reg op koöpsie, om die saak van die Argief in die beste belang van die Sinode Vrystaat af te handel.

Voorsteller: Ds A Meiring – Woodland Hills NG Gemeenskapskerk

Sekondant: Dr HJ Kleynhans – Sasolburg-Vier-Ankers

6.3 EENHEID VIR VISIONERING

A. VIR KENNISNAME

1. BESLUITE SEDERT 2011 – 'n BONDIGE SAMEVATTING

2. MODERAMEN VAN DIE VRYSTAAT

3. MODERAMEN VAN DIE ALGEMENE SINODE (ASM) – STUKKE ONTVANG

VOORLEGGING VANAF MODERAMEN AAN VERGADERING

BESLUITNEMING OOR DIE VOORGESTELDE ARTIKEL 1: DIE PROSES

Die NG Kerk Vrystaat het in 2013 haarself verbind tot die kerkordelike proses soos wat dit in Artikel 44 van die Kerkorde (2011) uitgespel is, met die oog op 'n besluit oor die Belydenis van Belhar. Die NG Kerk Vrystaat het die Algemene Sinode van die NG Kerk versoek om hierdie kerkordelike proses so spoedig moontlik van stapel te stuur, en 'n beroep op die Algemene Sinode en alle kerkvergaderings gedoen, ook in ringe en gemeentes, om toe te sien dat hierdie proses inklusief, gebalanseerd en vry van dwang sal verloop, eerlik en openhartig, in 'n gees van onderlinge liefde, respek en vertroue, met 'n opregte gebed dat daar heling in ons kerke sal kom, en in gehoorsaamheid aan die Woord en Gees van Christus (Handelinge van die Vrystaatse Sinode 2013).

Met dié besluite het die NG Kerk Vrystaat haarself verbind aan bepaalde **waardes** wat deurentyd gedurende die proses nagestreef en gehandhaaf moet word. Dié waardes vereis dat daar nougeset gehandel moet word volgens die toepaslike bepalinge van die artikels en reglemente van die *Kerkorde* asook die riglyne soos vervat in die ASM se *Kommunikasie aan sinodes oor die prosesse tov die wysiging van Artikel 1* en die bylaes wat dié skrywe vergesel het.

Met die oog op bogenoemde, moet gelet word op die volgende:

1. Stemming deur kerkrade

Elke kerkraad moet *twee* vergaderings hou waartydens besluite geneem word oor die Voorgestelde Artikel 1 - 'n *eerste vergadering* om 'n besluit te neem oor sy aanbeveling oor die voorstel van die Algemene Sinode en dan, nadat die aanbeveling aan die lidmate voorgelê is vir hulle instemming, 'n *tweede vergadering* waar die kerkraad sy besluit finaliseer met 'n tweederdemeerderheidstem. Dié besluit word dan wéér op twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente voorgelê vir approbasie (KO 2013, p. 136, Regl. 24, pt 1).

- 'n Kerkraad bestaan uit al die bedienaars van die Woord, asook die ouderlinge en diakens (KO 2013, p. 15, Art 26.2).
- Iemand kan slegs in een van bogenoemde ampte dien indien die persoon op 'n wettige wyse beroep (of verkies) is, die nodige approbasie verkry het, en in die amp bevestig is (KO 2013, p 6, Art 5). 'n Persoon kan slegs in die amp bevestig word indien die persoon se lidmaatskap deur die betrokke kerkraad in ooreenstemming met die kerklike bepalinge erken en aangeteken is.
- 'n Gewone kerkraadsvergadering moet tydens die erediens op die Sondag voor die vergadering aan die gemeente bekend gemaak word (KO 2013, pp 268 – 269, pt 12.1).
- 'n Buitengewone kerkraadsvergadering word bepaal deur die voorsitter self of op versoek van minstens twee lede met opgaaf van redes. Die agenda van 'n buitengewone vergadering mag slegs die saak waarvoor hy byeengeroep is, bevat (KO 2013, p 269, pt 12.2). Kennisgewing van 'n buitengewone vergadering moet aan die toets van redelikheid/billikheid voldoen, d.w.s. daar moet bv. toegesien word dat alle kerkraadslede in kennis gestel word, dat die kennisgewing hulle 'n redelike tyd voor die vergadering bereik, ens. Dit is raadsaam om die wyse van kennisgewing op te

neem in die notule van die vergadering.

- 'n Kerkraad kan nie 'n besluit(e) neem oor die Voorgestelde Artikel 1 by wyse van 'n sogenaamde "konsistoriebesluit" nie. So 'n "vergadering" is nie wettig gekonstitueer nie kan dus géén (regs) geldige besluite neem nie.
- Daar moet altyd 'n bedienaar van die Woord teenwoordig wees by 'n kerkraadsvergadering - óf die plaaslike bedienaar van die Woord, óf die konsulent, óf 'n ander bedienaar van die Woord deur die ring of sy gevolmagtigde daartoe aangewys (KO 2013, p 16, Art 28.4).
- 'n Kerkraadsvergadering vind plaas onder die leiding van 'n gekose/aangewese voorsitter (KO 2013, p 16, Art 28.2 en 28.4).
- 'n Kerkraadsvergadering is 'n geslote vergadering. Dit beteken dat slegs die bedienaar(s) van die Woord, ouderlinge en diakens die vergadering bywoon (KO 2013, p 190, pt 1.8).
- Indien die skriba/saakgelastigde nie 'n lid van die kerkraad is nie, maak sy/haar teenwoordigheid dit nie tot 'n oop vergadering nie (KO 2013, p 269, pt 15). Hy/sy mag egter nie deelneem aan die stemming deur die kerkraad nie, maar kan wel as belydende lidmaat aan die stemming deur die lidmate deelneem.
- 'n Kerkraadsvergadering is slegs wettig wanneer meer as die helfte van die lede teenwoordig is (KO 2013, p 190, pt 1.10). Die getalle word bereken aan die hand van die aantal gevulde poste.
- 'n Kerkraadsvergadering word, soos alle kerkvergaderings, met gebed geopen en gesluit (KO 2013, p 190, pt 1.9).
- Die behandeling van sake, ordemosies, spreekbeurte, voorstelle, stemming, revisie en die hou van die notule word gedoen aan die hand van die Reglement van Orde (KO 2013, pp 190 – 196).
- Die stemming oor die Voorgestelde Artikel 1 geskied by wyse van geslote stemming op die voorgestelde stembriewe. 'n Voltooide stembrief mag op geen wyse met 'n bepaalde persoon verbind kan word nie. Die stembriewe moet deur ringe in veilige bewaring gehou word vir toekomstige verwysing indien nodig.

2. Stemming deur die belydende lidmate

- Elke kerkraad besluit self in die lig van plaaslike omstandighede, op watter van die twee voorgestelde wyses lidmate die geleentheid kry om deel te neem aan die stemming (KO 2013, p 137, pt 2).
- Dit is die verantwoordelikheid van elke belydende lidmaat om vooraf seker te maak dat sy/haar lidmaatskap van die gemeente in orde is. Gemeentelede moet vooraf by wyse van die vier weke aankondiging van die gemeentevergadering of andersins gevra word om by die kerkkantoor of skriba van die kerkraad met sekerheid vas te stel of belydende lidmaatskap in die gemeentelike register aangeteken is. Kerkrade tref plaaslike reëlings om lidmate hierin tot hulp te wees.
- Indien 'n kerkraad besluit dat die lidmate by 'n gemeentevergadering sal stem, moet daar op vier agtereenvolgende Sondae vooraf kennis gegee word van beide die vergaderdatum en die inhoud van die voorstel. Die kworum vir die gemeentevergadering is die aanwesige aantal lede op die voorwaarde dat daar op die voorgeskrewe wyse behoorlik kennis gegee is van die vergadering.
- Wanneer die instemming van lidmate sonder 'n gemeentevergadering persoonlik van die belydende lidmate van die gemeente gekry word, is daar nie 'n kworumvereiste nie. Kworums is vir vergaderings, nie vir individuele stemmings nie. Die uitslag word bepaal deur die stembriewe te tel wat teen die keerdatum terug ontvang is.
- Die stemming oor die Voorgestelde Artikel 1 geskied by wyse van geslote stemming op die voorgestelde stembriewe. 'n Voltooide stembrief mag op geen wyse met 'n bepaalde persoon verbind kan word nie. Die stembriewe moet deur ringe in veilige bewaring gehou word vir toekomstige verwysing indien nodig.
- Die uitslag van die stemming kan eers na die gemeentevergadering bekend gemaak word op voorwaarde dat die uitgebragte stemme in veilige bewaring gehou word en slegs oopgemaak en

getel mag word in die teenwoordigheid van die ring se waarnemers.

- Oorweging moet geskenk word om geslote, veilige houers daarvoor te voorsien. Ringe kan kerkrade in dié verband adviseer.

3. Monitering deur ringe

- Ringe tref die nodige reëlings na gelang van plaaslike omstandighede om die prosesse te koördineer en adviseer kerkrade waar nodig.
- Die ringe moniteer die uitvoering van die proses in die gemeentes van die ring.
- Minstens twee verteenwoordigers van die ring, wat nie lidmate van die gemeente is nie, woon die twee kerkraadsvergaderinge asook die gemeente-vergadering/stemtelling by.
- Besware teen die wyse van die uitvoering van die proses word deur die ring of sy gevolmagtigde hanteer.
- Die waarnemers van die ring sertifiseer (op die vorm wat deur die ASM voorsien is) aan die einde dat daar aan al die kerkordelike vereistes voldoen is.
- Voltooide stembriewe word deur die ring in bewaring gehou totdat daar vanaf die Algemene Sinode via die Sinode kennisgewing ontvang is dat dit vernietig kan word.

STANDPUNTSTELLING DEUR PROF J JANSE VAN RENSBURG EN DS JJ LUBBE

Prof J Janse van Rensburg

Meer as enige ander plek sal 'n mens by die kerk van Jesus Christus integriteit verwag. Integriteit beteken dat jou woord en jou optrede betroubaar moet wees. Dit is vir my 'n hartseer oomblik in my verbintenis met die NG Kerk dat ek vandag moet sê dat die proses om die Belydenis van Belhar as 'n opsionele belydenisskrif vir die NG Kerk aanvaar te kry, nie bo enige verdenking is nie. Die integriteit in die proses is geskend en die speelveld is ongelyk gemaak. Ek besef dat dit 'n radikale stelling is. Daarom moet ek dit konkreet bewys. Ek noem kortliks die volgende:

1 WAS DIT NET 'N VRAAG?

Die Algemene Sinode het in 2013 reeds besluit dat die belydenisgrondslag in artikel 1 met die Belydenis van Belhar uitgebrei moet word. Dit is betekenisvol dat die moderator van die vorige AS reeds vóór 2013 'n onderneming aan die Algemene Sinode van die VGK gegee het dat Belhar deur die NG Kerk aanvaar sal word (Kerkbode, 17 Oktober 2012).

Ek kan nie anders nie as om die besluit van die Algemene Sinode (AS) 2013 as 'n planmatige prejudisering van die proses te beskou. Die Presbyteriale kerkregering maak die plaaslike gemeente die uitgangspunt. Belangrike besluite oor die belydenisgrondslag moet van onder bepaal word en nie van bo af bestuur word nie. Artikel 44 van die Kerkorde verskans hierdie teologiese vertrekpunt: gemeentes, sinodes en dán eers die Algemene Sinode. Die besluit van die Algemene Sinode het hierdie proses omgekeer. Dat dit voortydig was, word bewys deur die feit dat, as die vereiste persentasie stemme nie verkry word nie, die besluit van 2013 herroep moet word. Die besluit van 2013 is jubbelend deur die openbare pers, Kerkbode en moderators van die VGK begroet.

Ná die besluit rondom artikel 1 is die moderator van die VGK, dr Mary-Anne Plaaitjies van Huffel, om kommentaar genader. Sy, sowel as dr Thias Kgatla, het aangedui dat hulle verheug is dat Belhar nou aanvaar is. Kerkbode (18 Oktober 2013, bls 6) berig: "Daar kan min twyfel wees daaroor dat die NG Kerk se Algemene Sinode 'n voorstel aanvaar het wat ruimte vir die belydenis van Belhar in die kerk wil vind. Die **besluit** moet nou deur die sinodale strukture ...aanvaar word". Selfs die korrespondensie van die VGK oor die besluit van die AS van 2013 bewys dat die VGK dit so verstaan dat die AS 2013 'n *besluit* geneem het om Belhar te aanvaar. Om hierdie voortydige handeling te regverdig, word die indruk nou geskep dat die Algemene Sinode in 2013 nie die proses vooruit geloop het nie, maar net die *vraag* geformuleer het waarmee gemeentes getoets moet word. Die waarheid is egter dat Kerkbode in Januarie van 2014 (maande ná die AS) rapporteer het dat die vraag vir die toetsing van gemeentes **nog nie geformuleer is nie**. Die besluit was dus nie geneem bloot om as vraag vir die proses te dien, soos nou voorgegee word nie.

2 IS OPSIONEEL 'N OPLOSSING?

Die besluit van 2013 om Belhar 'n opsionele belydenisskrif te maak, is as 'n kompromie aangebied. Persone wat nie Belhar wil aanvaar nie, kan "ja" stem omdat hulle nie Belhar hoef te onderteken nie. Die opsionele aard het 'n lokaas geword om lidmate te oorreed om ten gunste van die wysiging van artikel 1 te stem. Die probleem hiermee is egter dat lidmate onbewustelik mislei word. Die moderamen van die VGK het reeds besluit dat die opsionele aard van Belhar nie vir hulle aanvaarbaar is nie en dat lidmate wat dit nie wil onderteken nie, begelei moet word om dit te aanvaar. Die volle teks van die besluit van die VGK word in die Addendum weergegee sodat daar geen onduidelikheid oor die bedoeling van die VGK kan wees nie. Kan u dink watter ontnugtering dit vir lidmate sal wees wat "ja" stem omdat hulle nie hoef te teken nie, net om later met die werklikheid gekonfronteer te word dat die VGK die onvoorwaardelike aanvaarding van Belhar sal vereis? Sal hulle nie voel dat hulle mislei is nie? **Ek stel dit kategories dat elkeen wat lidmate aanmoedig om "ja" vir Belhar te stem omdat dit opsioneel is, ook moreel verplig is om die konsekwensies van die VGK se besluit aan hulle te verduidelik. Om daaroor te swyg impliseer dat hulle oningelig gelaat en dus mislei word.**

3 IS OPSIONELE BELYDENISSKRIFTE VERSOENBAAR ?

Die gereformeerde onderskeid tussen die "quia" en "quatenus"-benadering tot belydenisskrifte is algemeen bekend. Gereformeerde Kerke wêreldwyd kies vir 'n quia-standpunt. Belydenisskrifte word aanvaar **omdat** dit met die Woord ooreenstem. Dit impliseer dat die opsionele aard van 'n belydenis vreemd aan die gereformeerde teologie is. Die antwoord van die moderamen van die VGK is betekenisvol. Hulle beskou die opsionele aard van Belhar as 'n poging om twee teenstrydige konfessionele posisies te versoen "...and in the process created the danger of the authority of the Confessions to be challenged" (punt 5). Selfs die VGK aanvaar dus nie die opsionele aard van 'n belydenis nie en beskou dit as 'n bedreiging vir die gesag van belydenisskrifte!

4 HOE WYD WORD BELHAR AS BELYDENISSKRIF AANVAAR?

Die indruk word soms geskep dat die Belydenis van Belhar wyd in die gereformeerde wêreld aanvaar word. Min besef dat daar om en by 80 gereformeerde kerke wêreldwyd is. Slegs 'n paar van die kerke het Belhar as belydenisskrif aanvaar. Betekenisvol is die feit dat die AS van 2013 Belhar aanvaar het sonder dat daar met die NGKA en die RCA eenstemmigheid hieroor bereik is. Die NGKA het nie Belhar aanvaar nie en die RCA het in beginsels aanvaar dat Belhar 'n belydenis ná die kerkhereniging kan wees. Hierdie sinode moet ook weet dat daar by sogenaamde "roadshows" in die Oos-Kaap verkeerde inligting hieroor gegee is. Op 'n vraag aan die persoon wat daar opgetree het, of die NGKA en die RCA Belhar aanvaar het, het die persoon "ja" geantwoord. Op die vraag of die VGK met die opsionele aard van Belhar tevrede is, het die persoon ook "ja" geantwoord. Was dit doelbewuste verdraaiing van die waarheid of blote oningeligtheid?

5 LEES JY DALK DIE VERKEERDE BOEK?

Daar is onweerlegbare bewys dat inligting (geskrifte en standpunte) wat teen die aanvaarding van Belhar is, op verskillende maniere van lidmate en predikante weerhou word. By een van die "roadshows" vertel 'n leraar van my boekie wat hy gelees het. Die ander persoon antwoord, "Man, jy lees die verkeerde boeke". Nog 'n leraar van die Vrystaat (in hierdie vergadering) wil graag 'n resensie van my boek in Vrypos plaas. Die versoek word geweier met die verskoning dat die boek nie deur 'n amptelike uitgewer uitgegee is nie. Ek is as 'n amptelike verskaffer by Exclusive Books geregistreer. Die bestuurder van een van die takke in Pretoria stem telefonies in om van my boekies in die winkel te plaas. Toe sy nie die boekies bestel nie, doen ek navraag. Sy deel my mee dat sy inligting ingewin het en beslis nie my boek in die winkel sal plaas nie. Sy is duidelik deur iemand beïnvloed om nie die boek in die winkel beskikbaar te hê nie. Daar is in Exclusive Books boeke oor allerlei onheilige temas (towerboeke; okkulte boeke, twyfelagtige tydskrifte, ens), maar 'n boek wat teen Belhar is, mag nie aangehou word nie. Iemand wat by 'n inligtingsgeleentheid oor Belhar as spreker opgetree het, het redelik ongeduldig verklaar: "Ons is nou verby Johan van Rensburg se standpunte en boekies". Getuig só 'n optrede van die versoenende houding waarop die sinode van die Vrystaat besluit het?

6 VOLDOEN BELHAR AAN DIE VEREISTES VIR 'N BELYDENISSKRIF?

'n Vergelyking tussen die bestaande belydenisskrifte en Belhar toon die teologiese verskil. Die Algemene Sinode (1998) het die volgende onderskeid getref: "Terwyl die beoefening van teologie altyd tydgebonde, feilbare mensewerk is, het ons in die kerklike belydenis met meer as net die akademiese menings van teoloë te make. In die belydenisskrifte herken ons die algemene ongetwyfelde Christelike geloof, soos die kerk dit op grond van die Skrif bely" *(*Handelinge van die Tiende vergadering van die Algemene Sinode: 517; 11.1.3). Belhar handel op 'n horisontale vlak oor die sosiaal-etiese *konsekwensies* van die geloof, maar nie oor die "algemene ongetwyfelde Christelike geloof" nie. Dit is 'n eietydse getuienis maar nie 'n belydenis nie. As teen-argument word na die Barmen-en Laudiumverklaring verwys wat ook oor sosiaal-politieke onreg gehandel het. Feit is egter dat nie een van hierdie verklarings as belydenis aanvaar is nie.

7 HET ONS DIE KOSTE BEREKEN?

Christus het in Lukas 14:29-30 gevra: "Want wie van julle wat 'n toring wil bou, gaan nie eers sit en die koste bereken, of hy die middele het om dit uit te voer nie, sodat as hy die fondament gelê het en nie in staat is om dit te voltooi nie, almal wat dit sien, nie miskien met hom sal begin spot en sê: Hierdie man het begin bou en kon nie klaarkry nie". Natuurlik het hy dit gesê om die koste van dissipelskap te illustreer. Maar hy gebruik 'n algemeen-geldende beginsel wat ongelukkig ook op die proses rondom Belhar geldig is. Hoe sterk mense ookal ten gunste van die aanvaarding van Belhar voel, sal ons moet rekening hou met die feit dat daar ook lidmate is wat sterk negatief oor Belhar is. Talle lidmate het reeds uit die kerk bedank, terwyl ander gedreig het om te loop as Belhar aanvaar word. Selfs gemeentes het laat blyk dat hulle hulle van die aanvaarding van Belhar sal distansieer. Kan die NG Kerk in die Vrystaat bekostig om lidmate te verloor terwyl daar baie gemeentes is wat reeds sukkel om hulle leraars te onderhou?

SLOT

Die Sinode van die Vrystaat het besluit dat die proses rondom Belhar met integriteit moet verloop. Tog is daar duidelike onverdraagsaamheid en selfs ongeduld wanneer iemand nie die Belydenis van Belhar wil aanvaar nie. Al bogenoemde getuig nie van die integriteit wat ons in die proses by die Here se kerk verwag nie. Vir my is dit 'n donker uur in die geskiedenis van ons geliefde NG Kerk.

ADDENDUM VGK BESLUIT OOR DIE OPSIONELE AARD

1. *The General Synodical Commission of URCSA in session in Durban has taken note of the decision of the DRC General Synod 2013 on the Confession of Belhar.*
2. *The GSC acknowledges and respects the right of the DRC to formulate its own confessional basis.*
3. *In the light of the developments in the DRC in the recent past URCSA appreciates and respects the growth and change that has taken place in the DRC with deep gratitude to God.*
4. *It is the conviction of the GSC that the proposed wording of Article 1 clause 2.2 in the confessional basis of the DRC is not acceptable as it stands for a church order of a finally re-united church.*
5. *The DRC has attempted to reconcile two contradictory confessional positions and in the process created the danger of the authority of the Confessions to be challenged.*
6. *The GSC supports the desire of the DRC to avoid division in the Church.*
7. *The GSC decides the following more adequate basis of dealing with the Confession and Church re-unification.*

7.1 The Confession of Belhar is recognized as the confession with the same authority as the formularies of unity;

7.2 The content of the Confession of Belhar, namely visible church unity, true reconciliation in Christ-overcoming racial divisions in Southern Africa and the world and God's preferential option for the poor-is proposed for full subscription by every office in the new re-unified Church;

7.3 The content of the Confession of Belhar will be taught in catechism, preaching, theological education and embodied in a transforming Church;

7.4 Every minister/office in the Church is given time of one recess after re-unification to consider and subscribe to the confession of Belhar formally;

7.5 Ministers that have an objection against the Confession on a particular point be allowed to submit an gravamen while they continue to be bound to their oath not to propagate their objections in any way;

7.6 Every new minister will be licensed only after subscribing to all four Confessions.

8. *The GSC commits itself anew not to let go of the DRC, but to continue on the mutually critical and mutually affirmative journey on which we have embarked together, as spelled out in the Road map to Church Re-Unification and the Memorandum of Agreement.*

Ds JJ Lubbe

"Ons glo dat hierdie heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word...

Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of groot getalle of oudheid of die opvolging van tye of persone,

of kerkvergaderings of verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie,

want dié waarheid is bo alles."

Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 7

1. Die uitdrukking van wat ons glo en bely oor die Drie-Enige God, oor sy genadige heilswerk in skepping en verlossing, oor sy kerk en haar lewe in hierdie wêreld, in bepaalde geloofsformuleringe is 'n kenmerk van die Gereformeerde tradisie. Wat ons glo, wil ons bely en van getuig, om ook daaruit te kan leef.
2. Hierdie kenmerkende ontwikkeling in die Gereformeerde tradisie, in aansluiting by die geskiedenis van die Vroeë Kerk, het 'n ryke verskeidenheid van dokumente nagelaat: van eenvoudige credo's (geloofsbelydenisse) tot uitvoerige belydenisskrifte en eietydse belydenisverklarings – elk hiervan met 'n eie kontekstualiteit, funksie en toespitsing.
3. In haar formulering en lewe met hierdie belydenisdokumente, het Gereformeerde kerke altyd drie beginsels vasgehou: die enigste en finale gesag berus in die Woord van God, soos deur sy Gees aan ons bedien en het daar altyd weer 'n proses van toetsing en groei in ons begrip van sy openbaring aan ons, afgespeel. Daarom het enige en alle belydenisdokumente in ons tradisie, 'n "omdat" en 'n "tot tyd en wyl"-karakter (Karl Barth): dít is wat ons glo omdat dit met die Woord van God ooreenstem en totdat Hy ons anders oortuig.
4. Uit hierdie belydenisdokumente, is die lewe en bediening van Gereformeerde kerke georden en ingerig en het daar die gebruik ontstaan om in die openingswoorde van 'n kerkorde, 'n verwysing na, of samevatting van 'n kerk se belydenisgrondslag te vermeld – 'n gebruik wat ook in die geskiedenis van die NG Kerk verskeie ontwikkelinge deurloop het.
5. In haar geskiedenis het die NG Kerk nou weer by so 'n moment aangekom: in die geledere van ons familie – so naby aan ons as ons dogter/suster – het daar in 'n spesifieke historiese moment 'n belydenis van die waarheid van die Evangelie van Jesus Christus gekom, wat ons steeds roep om oor die eenheid van die kerk, oor versoening tussen God en mens en mens en mens en oor God se geregtigheid in hierdie wêreld, te getuig: die Belydenis van Belhar (1982).
6. Binne die NG Kerk leef daar verskillende standpunte oor die Belydenis van Belhar, wat oor die jare met minder of meer begronding en emosie voorgehou is, veral omdat hierdie Belydenis ons as kerkfamilie en ons verlede op 'n baie direkte wyse aanspreek en tot getuienis van wat ons glo, oproep.
7. Die Algemene Sinode van die NG Kerk het in 2013, in opvolging van vorige besluite oor die Belydenis van Belhar, besluit om die kerkverband te toets oor 'n nuwe formulering van ons belydenisgrondslag in Artikel 1 van die Kerkorde, waarmee die Belydenis van Belhar ingesluit word op so 'n wyse, dat niemand daardeur gedwing of gebind word nie. Hierdie formulering was die uitkoms van 'n proses in die Sinode in Port Elizabeth waardeur konsensus gesoek is en die behoud van mekaar as broers en susters in die Here Jesus Christus.
8. In die goedgekeurde proses, in navolging van ons eie Kerkorde (Artikel 44), word die presbiteriale stelsel van kerkregering gevolg, waarin daar nie sprake is van 'n "bo" of 'n "onder" nie, maar wel van 'n soeke na verband met mekaar deur in meerdere vergaderinge met mekaar oorleg te pleeg oor sake wat van gedeelde belang is – soos die belydenis van wat ons glo.
9. In hierdie formulering word daar juis na gestreef om met mekaar op weg te gaan, in die eerste instansie as NG Kerke, maar uiteraard ook in ons kerkfamilie. Daarom sal dit ook van die bediening in gemeentes en die inrigting van ons kerklike lewe waar moet wees: dat daar ruimte is vir 'n verskeidenheid en groei in ons eie oortuiging, waarin ons mekaar wil vashou in ons gehoorsaamheid aan die Woord van God.

Mag die Here ons deur sy Gees lei, om in hierdie proses met eerlikheid en in 'n gesindheid van liefde teenoor mekaar, met mekaar om te gaan.

Mnr Neels Jackson, Redakteur van *Kerkbode*, kry geleentheid om die vergadering vir 'n paar minute toe te spreek.

Die vergadering verdaag vir ete.

Die vergadering kry geleentheid om debat te voer rakende die Artikel 1 proses.

Die vergadering verdaag vir tee.

Die vergadering kry geleentheid om voorbidding te doen vir die Artikel 1 proses.

B. SAKE VIR GOEDKEURING

Amendement: Nie goedgekeur

Na "voorgestelde prosesse", voeg by:

Die Sinode stuur ook 'n kopie van die VGK se ASK-notule van November 2013 deur na elke gemeente vir kennisname.

Voorsteller: Ds JAC Badenhorst - Parys-Suid

Sekondant: Ds I Jonker - Parys-Oos

Die Moderamen het die aanvanklike verslag soos in die Agenda opgeneem, met 'n gewysigde aanbeveling vervang, wat toe voor die Sinode gedien het.

Besluit: Goedgekeur

Die Sinode

1. **keur die optrede van die Moderamen goed (vergelyk A, punt 2 in dié verslag);**
2. **neem kennis van die ASM se *Kommunikasie aan sinodes oor die prosesse tov die wysiging van Artikel 1* met die aangehegte bylaes;**
3. **neem die voorgestelde Artikel 1 van die Kerkorde amptelik in ontvangs en besluit om dit aan kerkrade en gemeentes vir besluitneming voor te lê, waarná 'n tweede Buitengewone Sinodesitting gehou sal word en die vergadering 'n eie besluit(e) sal neem;**
4. **gee die ASM se *Kommunikasie aan sinodes oor die prosesse tov die wysiging van Artikel 1* met die aangehegte bylaes, deur aan kerkrade en ringe met die versoek dat elke kerkraad en ring deeglik kennis sal neem van die volledige inhoud van die skrywe en alle bylaes en, in ooreenstemming met die Kerkorde en met inagneming van plaaslike omstandighede, uitvoering sal gee aan die voorgestelde prosesse;**
5. **versoek kerkrade om in die hantering van die voorgestelde Artikel 1, die deurgee van inligting en die daaropvolgende besluitnemingsprosesse, sorg te dra dat die waardes waartoe die Sinode hom in 2013 verbind het, deurentyd gehandhaaf word, naamlik dat hierdie proses *inklusief, gebalanseerd en vry van dwang sal verloop; eerlik en openhartig; in 'n gees van onderlinge liefde, respek en vertroue; met 'n opregte gebed dat daar heling in ons kerke sal kom; en in gehoorsaamheid aan die Woord en Gees van Christus* (vergelyk die besluit Vrystaat Sinode 2013);**
6. **versoek ringe om sover dit moontlik is toe te sien dat in alle ringsgemeentes dié waardes toegepas sal word, wat onder andere beteken dat inligting nie eensydig deurgegee word nie, maar volledig sodat kerkrade en lidmate behoorlike deurdagte en ingeligte besluite kan neem;**
7. **versoek kerkrade en ringe om nougeset toe te sien dat die prosesse kerkordelik korrek hanteer word aan die hand van die riglyne wat vervat is in die skrywe en bylaes van die ASM;**
8. **beveel aan dat vir die stemming van lidmate, daar eerder gebruik gemaak word van stembriewe en nie elektroniese stemming nie;**
9. **besluit om op die *Konsepstembrief Belydende Lidmate* 'n ruimte (blokkie) te skep waarbinne die gemeentestempel aangebring moet word voor/met die uitreiking van die stembrief aan lidmate;**
10. **vestig kerkrade se aandag op die volledige bewoording van die *Konsepstembrief Belydende Lidmate* aangesien lidmate daarmee instemming verleen/nie verleen nie met *die voorstel van die betrokke kerkraad*;**
11. **wys kerkrade en ringe daarop dat, indien nodig, verdere navrae gerig kan word aan die Algemene Sekretaris, NG Kerk, Posbus 13528, Hatfield, 0028 of u kan u navraag epos aan die Algemene Sekretaris, algemenesinode@ngkerk.org.za;**

12. vestig kerkrade se aandag op *Kerkbode,* 1 Augustus 2014, wat in geheel gewy word aan die NG Kerk se belydenisgrondslag en die voorgestelde Artikel 1 van die Kerkorde; en

13. stel die volgende tydsraamwerk vas:

13.1 29 Julie 2014: <u>Buitengewone Sinodesitting</u> waartydens die ASM se *Kommunikasie aan sinodes oor die prosesse tov die wysiging van Artikel 1* met die aangehegte bylaes in ontvangs geneem word en deurgegee word aan kerkrade en gemeentes vir verdere hantering en besluitneming.

13.2 Derde kwartaal 2014: <u>Algemene toeligting en voorbereiding in ringe.</u> Dit kan onder andere geskied by wyse van die beskikbaarstelling van inligtingsmateriaal, inligtingsbyeenkomste in gemeentes, dorpe/stede, streke, ringe, ens. Terselfdertyd word ringe ingelig en toegerus vir hulle rol om te sorg dat die proses kerkordelik korrek verloop, deur plaaslike omstandighede in ag te neem, verteenwoordigers aan te wys om die proses in elke gemeente te monitor, vergader- en stemdatums te koördineer en vas te stel, en terugvoer uit gemeentes/kerkrade te bestuur. 'n Skriftelike verslag oor die vordering hiermee in elke Ring, word aan die begin van September voorgelê aan die Moderamen.

13.3 Vierde kwartaal 2014: <u>Stemming deur kerkrade en lidmate</u>. Dit behels die volgende:

(i) die hou van amptelike kerkraadsvergaderings (gewone óf buitengewone vergaderings in ooreenstemming met die Kerkorde) waartydens kerkrade die Voorgestelde wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde amptelik in ontvangs neem en besluit oor 'n tydsraamwerk en prosedures ter inligting van die gemeente;

(ii) lidmate wat ingelig word oor die besluitnemingsproses en wat versoek word om by die kerkkantoor of skriba van die kerkraad met sekerheid vas te stel of hul belydende lidmaatskap in die gemeentelike register aangeteken is;

(iii) stemming deur lidmate op die vasgestelde wyses en geleenthede, met die stemtelling in die teenwoordigheid van die ringsverteenwoordigers;

(iv) 'n tweede amptelike kerkraadsvergadering waartydens kerkrade hul finale besluit neem;

(v) daardie finale besluit van die kerkraad wat vir 'n verdere twee Sondae aan die gemeente vir approbasie voorgelê word; en

(vi) waarna die kerkraad deur die ringsverteenwoordigers op die voorgeskrewe vorm (Bylaag 3) skriftelik aan die Sinode verslag lewer oor die verloop en uitkoms van die proses in die gemeente. Die verslag moet die skriba van die Moderamen voor/op 5 Desember 2014 bereik.

13.4 Eerste kwartaal 2015: <u>Afhandeling van die proses in die Vrystaatse Sinode</u>. Dit behels die verwerking van terugvoer uit die gemeentes, kerkrade en van ringsverteenwoordigers, die hantering van appèlle (indien enige) in Januarie en Februarie 2015. Daarna word 'n verslag voorberei en aan die Moderamen voorgelê, waarna 'n Buitengewone Sinodesitting van die NG Kerk in die Vrystaat 'n eie besluit(e) oor die Voorgestelde Artikel 1 van die Kerkorde sal neem (dit word verwys na die Moderamen om die datum hiervan vas te stel).

13.5 31 Maart 2015: Keerdatum vir die Sinode om sy eie besluit en kerkrade se besluite aan die Kantoor van die Algemene Sinode te besorg.

14. Gee aan die Interimkomitee opdrag om die proses soos uitgespel in 13.1-13.5 te bestuur met verslag aan die volgende buitengewone sinodesitting aan die einde van Maart 2015.

15. Gee opdrag aan die Interimkomitee om alle skakeling met die pers te hanteer rakende die proses.

7. AFSLUITING

Voorstel: Goedgekeur

Hiermee spreek die Sinode dank uit teenoor die volgende groepe/instansies:

- Ella Kotzé en Jaco Bezuidenhout - sang en musiek
- *Star Sound* - klank en data
- Kerkkantoorpersoneel - voorbereiding en reëlings
- *Country Caterers* - spyseniering
- Willie Oosthuizen - Terreinbestuurder, Kiepersolrant
- Sannie Kruger – blomme

Voorsteller: Dr CHJ van Schalkwyk - Philippolis

Sekondant: Ds HM Janse van Rensburg - Villiers

Die Voorsitter sluit die vergadering af deur te lees uit Johannes 17:20-23. Hy spreek ‘n paar woorde, waarna die vergadering Lied 532 sing. Hy sluit af met ‘n gebed.

Hierdie notule is goedgekeur en onderteken op ‘n vergadering gehou te Bloemfontein op 2 September 2014.

VOORSITTER (Wnd): _____

SKRIBA: _____